

Hoofstuk van die dag: 2 Samuel 14

> *Maar die koning het beveel: “Laat hom na sy eie huis toe gaan. Vir my mag hy nie sien nie.” (vers 24)*

Joab beraam ’n slim plan om Dawid te oortuig om Absalom na Jerusalem te laat terugkom. Dalk was Joab oor Absalom

bekommerd, maar dalk het daar ’n ander motief agter sy optrede geskuil. Absalom was immers nou die oudste seun van Dawid en dus die waarskynlike troonopvolger. Deur vir Absalom te bemiddel, het hy dalk gehoop om in Absalom se goeie boekies te wees as dié eendag sy pa opvolg. Of dalk het hy ’n edel motief gehad?
Dawid hanteer Absalom se terugkeer nie goed nie. Hy het sy seun nog nie vergewe nie en weier steeds om hom te sien, en maak só versoening tussen hulle onmoontlik. As hy anders opgetree het, kon hy baie ellende gespaar gewees het. Hy doen egter niks en hoop waarskynlik dat die probleem mettertyd vanself sal verdwyn.
Dis vreemd dat Dawid, wat gewoonlik ’n man van daad was, hier so wyfelend optree, net soos teenoor sy seun Amnon toe dié sy suster Tamar verkrag het. Jy kan nie jou verantwoordelikheid as pa só ignoreer nie. Altans nie as jy lief is vir jou kinders nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026